LAERSKOOL ASHTON - ASHTON PRIMARY SCHOOL

Georgestraat
Ashton
6715

George Street
Ashton
6715

Tel: 023 615 1370 - Fax: 023 615 2327 - E-mail: admin@ashtonps.co.za

LAERSKOOL ASHTON
Georgestraat
ASHTON, 6715
09 FEB 2024
TEL: 023 615 1370
ASHTON PRIMARY SCHOOL

9 Februarie 2024

Geagte Ouers

OMSENDSKRYWE 2/2024

"Positiewe woorde, kweek positiewe kinders." Ons as ouers is geneig om gedurig ons kinders se gedrag te korrigeer, want hoe anders gaan hulle leer? Dis egter moeilik om altyd kalm te bly en nie te laat deurskemer hoe jy werklik voel nie. Ons misluk soms. Ongelukkig word 'n kind se gevoel van sekuriteit en selfwaarde dikwels direk gekoppel aan hoe 'n volwassene optree en op wat hy of sy sê. 'n Ouer se vermoë om hul eie emosies te hanteer asook hoe húlle verhoudings benader, bepaal dikwels die kind se optrede teenoor ander asook hoe hulle vriendskappe in die toekoms gaan hanteer.

Dit is onmoontlik om alle situasies "korrek" te hanteer. Tog kan ons probeer om volgehoue positiewe terugvoer te gee. Hier is 'n paar voorbeelde om op 'n ander manier vir jou kinders te wys dat jy hulle waardeer en raaksien.
In plaas daarvan om vir jou kind te sê hy of sy is slim as hulle presteer, probeer:

- "Ek kan sien jy het geoefen/ jou beste gedoen..."
- "Ek is regtig trots op die keuse wat jy gemaak het om so hard te werk..."
- "Wat 'n kreatiewe manier om 'n probleem op te los!"
- "Ek waardeer die tyd wat jy ingesit het om vir hierdie toets te leer..."

Om 'n kind se gevoel van selfwaarde te verhoog, kan 'n mens dalk die volgende sê:

- "Ek kan sien jy het baie tyd en moeite hieraan spandeer..."
- "Het jy dit alles op jou eie gedoen?"
- "Jy is regtig goed daarmee om probleme op te los..."

En om 'n slag jóú kind onkant te vang, wat van:

- "Ek is so bly jy is in my lewe..."'
- "Ek is só trots op die mens(ie) wat jy besig is om te word!"

Die Klein Skooltjie met die Groot ❤

LAERSKOOL ASHTON - ASHTON PRIMARY SCHOOL

Georgestraat
Ashton
6715

George Street
Ashton
6715

Tel: 023 615 1370 - Fax: 023 615 2327 - E-mail: admin@ashtonps.co.za

Hierdie manier van kommunikasie laat kinders voel hulle is suksesvol en dat jy hulle onvoorwaardelik liefhet. Probeer dit!

Marike Badenhorst

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE

Baie sterkte aan ons atlete wat Saterdag 10 Februarie aan die Langebergbyeenkoms te Bonnievlae gaan deelneem. Ons skool het 51 atlete wat gaan deelneem en ons vertrou dat hulle puik gaan presteer. Ons atlete het reeds puik presteer deur die Inter-skole atletiek te wen. Ons skool het 'n blink toekoms in atletiek veral as gekyk word hoe die 0/7-dogtersaflospan die Inter-skole rekord verbeter het.

Ons krieketseisoen het met 2 pragoorwinnings begin. Ons 0/13-span wen Hoërskool Bonnievale(HSB) met 212 lopies. Ons teken 245/2 aan met Jordan Taute wat 114 aanteken met 9 sesse en 11 viere. Zayle van der Merwe behaal 4/7 met die bal en word HSB vir 33 lopies uitgeboul. Ons 0/11-span wen ook met 9 paaltjies teen HSB. Ons beste kolwer was Sebastian Coetzee en James Gordon en Dawson Kuhn neem elk 2 paaltjies as beste boulers.

Ons tennisspanne het verlede week teen Laerskool Worcester-Oos gespeel en goeie rekenskap van hulself gegee. Hierdie week speel ons teen Laerskool Robertson en wen ons seuns 6 van die 8 enkelswedstryde en behaal 'n groot oorwinning. Ons dogterspan verloor ongelukkig, maar was baie kompeterend op die baan vir 'n jong span. Kayli du Toit behaal 'n goeie oorwinning in enkels.

Ons mini-krieket is aan die oefen en speel hule eersdaags. Ons herinner net aan die lang blou sokkies vir alle krieketwedstryde wat by Die Kleremark te koop is. Dieselfde kouse word vir krieket en hokkie gebruik.

Die infasering van die nuwe sporthempie is ook nou afgehandel. Ons verwag dat die ou hempie na 2 jaar se infasering nie meer gedra sal word nie. Baie dankie vir elkeen se samewerking om die korrekte sportdrag te dra.

Ons is besig om lekker ritme te kry by die skool en bedank u vir insette in u kind en die skool.

Vriendelike groete

JC Burger
Skoolhoof

LAERSKOOL ASHTON
Georgestraat
ASHTON, 6715
09 FEB 2024
TEL: 023 615 1370
ASHTON PRIMARY SCHOOL

Die Klein Skooltjie met die Groot